# Hoofstuk 5
# Ruk-en-rol

## Luister en praat

### Halala Afrika

**Aktiwiteit 5.1: Luister na ’n liedjie**
*KABV bl. 20*

Speel een van Johannes Kerkorrel (Ralph Rabie) se bekendste liedjies, “Halala Afrika”, vir die klas. Jy kan die lied kry by https://www.youtube.com/watch?v=YRucmVSFDaI
Jy kan die woorde van die lied ook aan die leerders uitdeel. Daarna moet leerders dit in groepe van 3–5 bespreek.
Praat ook gerus met die klas oor die rol van Johannes Kerkorrel se musiek in die stryd teen apartheid en die Voëlvry-beweging.

Post-luister
**Memorandum**
5.1.1 In watter **halfrond** speel hierdie gedig af? (1) [DV 1/2]
*In die suidelike halfrond*
2.1.2 Wanneer hoor ’n mens die roepstem van vroue? (2) [DV 1/2]
*As die son sak en die beeste huis toe loop*
5.1.3 Wat sal ons vir altyd wees volgens die sanger? (1) [DV 1/2]
*Afrika*
5.1.4 Wie kom uit die Weste? (1) [DV 1/2]
*Die skepe (kolonialiste)*
5.1.5 Watter gevoel dra die gedig oor. Kies die korrekte antwoord tussen die hakies: [vrede/nostalgie/geluk]. (1) [DV 3/4]
*Nostalgie*
5.1.6 Waarvoor is ons land verruil? (1) [DV 1/2]
*Vir die ghetto’s van die stede*
5.1.7 Gee ’n voorbeeld van personifikasie uit die laaste strofe. (1) [DV 3/4]
*Daar was rykdom in die maag, van ons moeder Afrika*
5.1.8 Wat gebeur met die aarde en grasvlaktes? (2) [DV 1/2]
*Tonnels word deur die are gemaak en doringdrade word om die veld gespan.*
5.1.9 Wat is die enigste ding wat oorbly? (1) [DV 1/2]
*Stilte*
5.1.10 Wat dink jy was die kern van die probleem toe die eerste mense vanuit die Weste gekom het? (1) [DV5/6]
*Hulle honger na geld en mag. Leerders mag hul eie interpretasie gee.*

**Aktiwiteit 5.2: Storievertelling**
*KABV bl. 21-22*

Leerders moet hulle eie slot vir die storie uitdink en daarna moet elke groep die beste slot met die res van die klas deel. Gesels inleidend met die klas oor beroepe wat jy kan volg deur stories te skryf, soos filmvervaardigers, joernaliste, kopieskrywers, musikante, rekenaarspeletjieontwerpers ens.
Goeie maniere om ’n storie af te sluit:

- op ’n klimaks
- met ’n dubbelsinnige einde

- met ŉ oop einde
- met ŉ draai/wending
- met ŉ gewaarwording

Moontlike eindes vir hierdie storie:

- Caroline se pa was in ŉ "band" toe hy jonk was.
- Caroline is aangeneem.
- Caroline se pa is ŉ reeksmoordenaar.
- Enige verrassende einde waarmee die leerders vorendag kom

**Lees en kyk**

In hierdie aktiwiteit gaan die leerders ŉ webjoernaal aandagtig lees. Gebruik die pre-leesvrae om die leerders te laat nadink oor die titel van die leesstuk, wat hul gunstelingmusiek is, waarom uitdagend is om ŉ musiekinstrument te leer speel, en soms moeilik is om jou drome te volg. Lei hulle om na te dink oor die invloed van musiek op hul lewens.

**Aandagtige lees**

**Aktiwiteit 5.3: Begripsvrae**
*KABV bl. 29-31*

Deel die volgende wenke oor die beantwoording van ŉ begripstoets met die leerders:
1) Lees heel eerste die vrae aandagtig deur.
2) Onderstreep die kernwoorde.
3) Lees dan die leesstuk aandagtig deur sodat jy kan vasstel wat die hooftema of boodskap van elke paragraaf is.
4) Moenie vashaak by ŉ woord of ŉ sin wat jy nie verstaan nie – gebruik die konteks om jou te help.

**Memorandum**
5.3.1 Gee ŉ bewys dat die skrywer al van sy kinderjare af nie bang is om alleen voor mense te sing nie. (Par. 1) (1) [DV1/2]
*Hy het as klein seuntjie vir sy familie konsert gehou.*
5.3.2 Hoe het die spreker op laerskool by musiek betrokke geraak? (Par. 1) (1) [DV1/2]
*Hy het in die skoolkoor en kerkkoor gesing.*
5.3.3 Hoe verskil ŉ koor van ŉ *A Capella* groep? (Par. 1) (2) [DV3/4]
*ŉ A Capella groep sing sonder begeleiding en maak al die musiek en byklanke met hul monde.*
5.3.4 Wat het die spreker gedoen sodat mense regoor die wêreld sy musiek kan hoor? (Par. 1) (1) [DV1/2]
*Hy het sy musiek op Sound Cloud gelaai.*
5.3.5 Gee twee redes hoekom die spreker daarvan hou om marimbas te speel. (Par. 2) (2) [DV1/2]
*Dis lekker en dit skep ŉ positiewe atmosfeer.*
5.3.6 Waar of vals. Motiveer jou antwoord deur aan te haal. ***Die spreker sukkel om nuwe instrumente aan te leer.*** (Par.2) (2) [DV3/4]
*Onwaar, hy het die vermoë om maklik ŉ musiekinstrument aan te leer.*
5.3.7 Waar of vals. Motiveer jou antwoord deur aan te haal. ***Die spreker sukkel om opstelle te skryf.*** (Par.2) (2) [DV3/4]
*Waar, sy onderwysers sê sy opstelle maak nie altyd sin nie.*
5.3.8 Hoe het die spreker vir sy konsertkaartjies betaal? (Par. 3) (1) [DV1/2]

*Hy het sy spaargeld gebruik.*
5.3.9 Gee ŉ voorbeeld van ŉ eufemisme in paragraaf 4. (1) [DV3/4]
*oorlede*
5.3.10 Hoe voel die spreker oor sy erfenis? (Par. 4) (1) [DV1/2]
*D. trots*
5.3.11 As jy wil weet hoe die spreker voel, moet jy na die musiek op sy iPod luister. Kan jy hiermee identifiseer? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (Par. 5) (2) [DV/6]
*Eie mening. Byvoorbeeld: Ja, as ek kwaad is luister ek rock-musiek.*
5.3.12 Watter talente het jy en wat wil jy na skool doen? (Par. 5) (2) [DV5/6]
*Eie mening. Byvoorbeeld: Ek is goed met tale en wil na skool studeer om ŉ joernalis te word.*
5.3.13 Hoe dink die spreker kan ons suksesvol wees? (Par. 5)(1) [DV1/2]
*Met harde werk.*

**Aktiwiteit 5.4: ʼn Advertensie**
*KABV bl. 31-32*

**Memorandum**
5.4.1 Wie is die teikenmark in hierdie advertensie? (1) [DV1/2]
*Alle hoërskoolleerders*
5.4.2 Wat is die voordele van gumbootsdans? (3) [DV1/2]
*Dit maak jou fiks, dit help jou om gewig te verloor en jy maak nuwe vriende.*
5.4.3 Hoeveel gaan dit jou maandeliks kos? (1) [DV5/6]
*R 200*
5.4.4 Identifiseer die idioom in die advertensie. (1) [DV3/4]
*Laat jou voete die praatwerk doen.*
5.4.5 Is hierdie lesse voor of na skool? (1) [DV1/2]
*Na skool*
5.4.6 Hoe kan jy vir lesse registreer? (1) [DV1/2]
*Stuur ŉ e-pos na gumbootsdans@youmail.com*
5.4.7 Hoekom is "NOU IS JOU KANS!" in hoofletters? (1) [DV3/4]
*Om mense se aandag te trek.*
5.4.8 Waar vind gumbootsdans sy oorsprong? (1) [DV5/6]
*Op die myne in Johannesburg. (Gumbootsdans is in die plek van tromme gebruik, want tromme was verbode.)*
5.4.9 Waar sal hierdie advertensie moontlik verskyn? (1) [DV3/4]
*In die skoolkoerant of skool se nuusbrief.*

**Aktiwiteit 5.5: Lees ʼn gedig**
*KABV bl. 32*
**Pre-lees**
Laat die leerders navorsing (op die internet) doen oor wat Thabo Mbeki van vigs gesê het en skryf een of twee reëls daaroor. Laat hulle vinnig daaroor terugvoer gee.

**Memorandum**
5.5.1 Na wie se baadjie dink jy verwys die digter? (1) [DV 3]
*die (nuwe) regering/ Die president van Suid-Afrika / 'n president*
5.5.2 Kies die korrekte beeldspraak: Die "nuwe baadjie" is dus ŉ (personifikasie, metafoor, vergelyking) (1) [DV 3]
*metafoor*
5.5.3 Wat het die gaatjies in die baadjie veroorsaak volgens strofe 2? (2) [DV 1]
*Vigs-bullets en omkoop-kolletjies*

5.5.4 Skryf die lettersimbool van die antwoord wat die stelling korrek voltooi neer: Die "omkoop-kolletjie" in strofe 2 verwys na:
A. boetes
B. korrupsie
C. prysgeld (1) [DV 2]
*B. korrupsie*
5.5.5 Haal 'n voorbeeld van 'n "omkoop-kolletjie" uit die gedig aan.(1)[DV 2]
*"arms deal"*
5.5.6 Na wie verwys die term "laaities" in strofe 3, letterlik en figuurlik? (2) [DV 3]
*Letterlik: jong seuns*
*Figuurlik: Politieke leiers / ministers*
5.5.7 Watter gevoel of emosie wil die digter met die woord "laaities" by die leser wek? (1) [DV 4]
*Disrespek*
5.5.8 Wat noem 'n mens die tipe vraag wat ons in reëls 9 en 10 vind en wat is die funksie daarvan? (2) [DV 1,2]
*Retoriese vraag. Die vraag impliseer/bevat reeds die antwoord/verwag nie 'n antwoord nie en word gebruik om iets te beklemtoon.*
5.5.9 Wie word verraai volgens die digter? (1) [DV 1]
*Die mense wat kies / kiesers*
5.5.10 Wat doen die "baadjie" en "laaities" om mense se stemme te kry? (1)[DV 1]
*Hulle maak (leë) beloftes*
5.5.11 Verduidelik hoekom "skerp" in r. 6 ironies gebruik word. (2) [DV 3]
*Skerp dui op slim wees, maar hier is hul oneerlik en beslis nie slim nie.*
5.5.12 Kan die land se leiers vertrou word? Motiveer jou antwoord. (2) [DV 3]
*Nee, hulle beplan om hul beloftes te breek en hulle vertel leuens.*
5.5.13 Wat word 'n strofe met twee reëls genoem? (1) [DV 1]
*koeplet*
5.5.14 Gee 'n voorbeeld van assonansie in die gedig. (1) [DV 3]
*"baadjie" en "gaatjie"*
5.5.15 Haal twee agtereenvolgende woorde uit die gedig aan wat dui op die "leuens" in strofe 6. (1) [DV 3]
*"skuins lippe"*
5.5.16 Watter twee woorde staan in kontras met mekaar in die laaste strofe? (2) [DV 2]
*"nuwe" teenoor "oud"* [Die leerder moet beide kante van die kontras noem]
5.5.17 Wat probeer die digter met die woorde "jou maniere is oud" sê? Dink aan die pad wat Suid-Afrika tot 'n demokrasie gestap het. (1) [DV 2]
*Hy probeer sê die land is weer besig om agteruit te gaan / dat dieselfde foute gemaak word as in die verlede.*
5.5.18. Watter halfrym kom in r. 15 voor in die gebruik van "lippe wat leuens ..." ? (1)
*alliterasie*
5.5.19 Benoem die beeldspraak in die gebruik van "gaaitjies" in r. 2. (1) [DV 3]
*metafoor* Totaal: 25

**Skryf en aanbied**

**Skryf jou eie resensie**

**Aktiwiteit 5.6 Evalueer ’n resensie**
*KABV bl. 40*

Help leerders om die resensie van die fliek “Musiek vir die agtergrond” te evalueer en bespreek inleidend die eienskappe van ’n goeie resensie. Byvoorbeeld: ’n Goeie resensie gee deeglike agtergrondinligting en beskryf die elemente, styl en ander kenmerke van ’n fliek, boek, toneelstuk, uitvoering of restaurant. ’n Resensie moet ook woorde gebruik wat op waardering en evaluering dui. Dis belangrik vir ’n resensent om sy mening te gee, maar hy of sy moet objektief bly en oordele met bewyse ondersteun.

5.6.1 Gee die skrywer genoeg agtergrondinligting? (2) [DV3/4]
*Ja, hy gee inligting oor die regisseur, akteurs en ’n opsomming van die storielyn.*

5.6.2 Kom die resensent se mening sterk genoeg na vore? (2) [DV1/2]
*Ja, hy gebruik woorde soos “eerlik”, “uitstekend”, “ek voel”, “ek het meer van die fliek verwag” ensovoorts.*

5.6.3 Is die resensent objektief? (2) [DV5/6]
*Ja, die resensent lewer positiewe en negatiewe kommentaar.*

**Aktiwiteit 5.7: Skryf ’n resensie**
*KABV bl. 40*
Herinner leerders aan die vereistes van ’n aanvaarbare resensie. Gebruik ’n gepaste rubriek om die resensie te assesseer.

**Aktiwiteit 5.8: Ontleed ’n plakkaat**
*KABV bl. 46*

Bespreek die kenmerke van ’n goeie plakkaat/pamflet met jou klas as inleiding tot die volgende twee aktiwiteite. Hier is ’n paar wenke wat jy onder die leerders se aandag kan bring: 1) Spreek die leser direk aan. 2) Hou jou taalgebruik bondig. 3) Gebruik taal wat ’n impak sal maak soos bywoorde, byvoeglik naamwoorde, metafore en vergelykings. 4) Sorg dat jou plakkaat visueel aandag trek en alle belangrike inligting en kontakbesonderhede bevat.

5.8.1 Watter belangrike inligting het hierdie plakkaat nie? (1) [DV3/4]
*Dit sê nie hoe laat die konsert begin nie.*

5.8.2 Hoekom is “Freshly Ground” in hoofletters en vetdruk? (1) [DV3/4]
*Dit is die orkes se naam en moet die leser se aandag trek.*

5.8.3 Wie moet jy kontak om meer oor die konsert uit te vind? (1) [DV1/2]
*info@evannorth.co.za*

5.8.4 Watter twee dinge noem die ontwerper van die plakkaat om mense daarvan te oortuig om kaartjies te koop? (2) [DV3/4]
*Konsertgangers kan die lede van die musiekgroep ontmoet / en ’n prys van R1000 wen.*

5.8.5 Hoekom is dit noodsaaklik om voor die tyd kaartjies te koop?(1) [DV3/4]
*Sitplekke is beperk.*

**Aktiwiteit 5.9: Ontwerp 'n pamflet**
*KABV bl. 46*

Hersien die doel, inhoud en vereistes van 'n pamflet of plakkaat met die leerders. Herinner hulle daaraan dat die pamflet lesers se aandag moet trek en oortuig om kaartjies vir hul musiekblyspel te koop. Hulle kan hul eie musiekblyspel opmaak en moet seker maak dat hulle al die relevante inligting op die pamflet aandui. Gebruik 'n gepaste rubriek om die pamflet te assesseer.

## Taalstrukture en -konvensies

**Werkwoord en infinitief**
**Aktiwiteit 5.10: Werkwoorde**

Hersien die werkwoord met die leerders. Help hulle om tussen hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde te onderskei. Die hoofwerkwoord is die enigste werkwoord in 'n hoofsin of bysin. Die hulpwerkwoord tree saam met 'n ander werkwoord op om verlede of toekomende tyd aan te dui ("het" en "sal"), die lydende vorm aan te dui ("word" en "is") en om modaliteit of houding uit te druk ("kan", "wil", ens.)

Die infinitief is vir addisioneletaalleerders moeilik in Afrikaans. Verduidelik vir hulle dat die infinitief 'n vorm van die werkwoord is, maar dat dit nie 'n handeling aandui nie. Op sy eie kan die infinitief dus nie 'n werkwoord wees nie. Dit kan gedeeltelik die funksie van 'n werkwoord vervul: Sy *behoort* dit *te doen*. Anders vervul dit die funksie van 'n naamwoord: (Om te) *oefen* is gesond. In hierdie sin is die werkwoord "is" en die infinitief, wat die naamwoord vorm, is "oefen". Wys vir die leerders daarop dat die infinitief in Afrikaans gewoonlik voorafgegaan word deur "te" of "om te". Dit kan ook slegs gesuggereer word soos in die sin "Oefen is gesond".

**Memorandum**
5.10.1
**Die oudisie**

My hart (a) ***klop*** vinnig terwyl ek by die groot **vertrek** (b) ***inloop***. Die beoordelaars (c) ***staar/kyk*** na my sonder emosie en vra my naam. Ek weet nie wat om te (d) ***sê*** nie. Hulle vra net jou naam herinner ek myself. Hulle vra net jou naam. Goeiemiddag, my naam is Jana Strauss. My stem (e) ***klink*** eienaardig. My onderarms (f) ***sweet***, maar ek (g) ***probeer*** om kalm te lyk. Ek lyk dalk kalm, maar dit voel of ek gaan flou (h) ***val***. Wat gaan jy vir ons (i) ***hoor*** , hoor ek die een beoordelaar vra. Ek (j) ***haal*** diep asem. "No one" van Alicia Keys, sê ek en glimlag. Die kamera, beoordelaars en ligte (k) ***intimideer*** my meer as wat ek verwag het. Die kamer is kleiner as wat dit op TV (l) ***lyk***. Ek neem my posisie in en kyk voor my uit. My keel (m) ***brand***. Ek weet nie hoekom nie, want ek het nou net water (n) ***gedrink***. Ewe skielik kan ek nie my woorde (o) ***onthou*** nie. Hoe gebeur dit? Hoe is dit moontlik? Ek het die liedjie al 'n duisend keer gesing? Ek (p) ***staar/kyk*** na die grond. Die beoordelaar sê ek moet nou (q) ***begin***. (17)

5.10.2 Skryf die skuinsgedrukte werkwoorde in die korrekte vorm.

(a) Ek het die liedjie ***gesing***. (1)
(b) Hy sal vir die sangkompetisie ***inskryf***. (1)
(c) Ons ***moes*** gister 'n nuwe CD-speler koop. (1)
(d) Sy het voor die hele skool ***opgestaan*** om die skoollied te sing. (1)
(e) Taylor Swift sal by Grammy-toekennings ***optree***. (1)
(f) Ek ***wil*** nou na die musiekvideo kyk. (1)
(g) Die kletsrymer sal volgende week sy nuwe album ***vrystel***. (1)

(h) Die sangeres ***kon*** nie gisteraand haar woorde onthou nie. (1)
(i) Die familie ***kyk*** na die musiekblyspel. (1)
(j) Ek het die beste sangonderwyser ***gehad.*** (1)
(10)

5.10.3 Kies die korrekte werkwoord tussen hakies.

Hip-hop is ŉ musiekgenre waarvan baie Suid-Afrikaners (1. **hou**). KK'ICE is ŉ aspirant hip-hop-kunstenaar. Hy (2. **sing**) en kletsrym saam met sy beste vriend LEAF. KK'ICE het verlede jaar sy eerste mixtape (3. **uitgebring**). KK'ICE se regte naam is Andile Butshingi en (4. **is**) in die Oos-Kaap gebore. Hy (5. **vier**) hierdie jaar sy 21ste verjaardag. Andile skryf sy eie musiek en is mal oor sokker. Hy erken dat hy baie TV (6. **kyk**) en dat hy aan YouTube verslaaf is. Hy (7. **glo**) dat jongmense teen groepdruk moet (8. **opstaan**). Hy sê die lewe is te kort. Andile wil ŉ rolmodel (9. **wees**) en mense met sy lirieke en musiek inspireer. KK'ICE is ŉ naam wat jy nie moet (10.**vergeet**) nie, want hy het groot planne vir die pad vorentoe. (10)

**Aktiwiteit 5.11: Die infinitief**
**Memorandum**

5.11.1 Shafiek geniet dit ***om in die skoolorkes te speel. (***1)
5.11.2Mbali behoort ***haar stem voor sy sing op te warm.*** (1)
5.11.3 Alex hou daarvan ***om na klassieke musiek te luister.*** (1)
5.11.4 Dustin hoef nie ***sy trompet skoon te maak nie.*** (1)

**Aktiwiteit 5.12 Deelwoorde**

Wys vir die leerders daarop dat ŉ deelwoord ook werkwoord is wat verbuig word deur die agtervoegsel -end, -ende of -de (teenwoordige deelwoord) of die voorvoegsel ge- plus die agtervoegsel, -te/-de (verlede deelwoord).

**Memorandum**
5.12.1 Nazeem het ŉ ***verbaasde*** uitdrukking op sy gesig. (1)
5.12.2 Die ***sterwende*** karakter in die opera sing baie hoog. (1)
5.12.3 Die gehoor staar na die ***dansende*** ballerina. (1)
5.12.4 Charl lees ŉ ***fassinerende*** boek oor die geskiedenis van Jazz. (1)
5.12.5 Die ma sing vir haar ***huilende*** baba. (1)
5.12.6 Die musiekonderwyser gee haar studente ŉ ***helpende*** hand. (1)
5.12.7 Vincent ontvang ***skokkende*** nuus. (1)
5.12.8 Die Idols beoordelaar het ŉ ***geskokte*** uitdrukking op sy gesig. (1)
5.12.9 Die ***getroude*** paartjie open die dansvloer. (1)
5.12.10 George besit ŉ ***pratende*** en ***singende*** papegaai. (1)

**Aktiwiteit 5.13 Homonieme en homofone**

**Memorandum**
15.13.1 Gebruik die skuinsgedrukte woord in ŉ ander sin met ŉ nuwe betekenis.
a. Hy gooi die **as** van die vuur in die tuinbedding. (1)
b. Die koek **rys** in die oond. (1)
c Die leerder **ken** die antwoord. (1)
d. Die man val van die **leer** af. (1)

5.13.1 Voltooi die sinne deur die korrekte homofoon in te vul.

a. Elke kunstenaar het sy of haar eie (styl). (1)
b. Die pad by die berg op is baie (steil). (1)
c. Die kelner gooi (ys) in die kliënt se glas. (1)
d. Ek (eis) ʼn antwoord van jou. (1)
e. Jan (lei) die perd na sy stal toe. (1)
f. Die pasiënt (ly) aan hoë bloeddruk. (1)